



WAT IS DIE PRYS VAN SUKSES? (Artikel 3)

Deur Jannie P. Rossouw

HOOGTEPUNTE UIT VORIGE ARTIKELS

In Artikel 1 en 2 van “*Wat is die prys van sukses?*” het ons die volgende 4 gedragsuitsette bespreek wat suksesvolle mense onderskei van die res naamlik:

1. Suksesvolle mense het geskrewe doelwitte.
2. Suksesvolle mense gee voordat hulle ontvang.
3. Suksesvolle mense is deurlopend besig om hulle vaardighede op te skerp.
4. Suksesvolle mense tree respekvol en nederig op.

In hierdie laaste artikel in die reeks van “*Wat is die prys van sukses?*” gaan ons nog drie gedragseienskappe bespreek.:

5. Suksesvolle mense maak opofferings en doen wat nodig is. Om suksesvol te wees (in sport, jou loopbaan, jou besigheid, jou geloof, jou verhoudingslewe en gesondheid) vra opoffering. Dit is die waarheid – dit maak nie saak hoe jy daarna kyk nie.

Dit is egter baie belangrik om sukses na te streef binne ’n gebalanseerde perspektief. D.w.s. jy weet jy moet opofferings maak, maar jy weet wanneer jou lewensbalans herstel sal word. Baie suksesvolle mense (aan die oppervlak) laat na om hierdie klein, dog belangrike element van menswees in plek te hou.

Dit gebeur dan dat sodanige mense se gesondheid ineenstort (byvoorbeeld die 43-jare man wat onverwags ’n hartaanval het) of hulle verhoudingslewe verbrokkel (die egpaar wat skei na 21 jaar getroude lewe a.g.v. egbreuk en ook ouers wat uit voeling raak met hulle kinders en wat tot baie konflik tussen hulle lei).

Wees bereid om opofferings te maak om sukses te bereik, maar hou jou voete vas op die aarde deur te weet dat jy en die mense wat vir jou kosbaar is, broos is en oneindige skade berokken kan word indien die wanbalans nie herstel word nie.

Mense vra my gereeld wat ek doen vir ’n lewe. In plaas daarvan om my beroep aan te haal, sê ek: “Ek doen wat nodig is om my drome

en ideale te bereik”. Die klem val op die “doen” gedeelte. Dit is ’n werkwoord wat impliseer dat daar aksie is en dat jy jou hande sal moet “vuilmaak”.

Wanneer jy geleentheid aangryp wat jou nader aan jou drome en ideale kan bring, kan jy soos die legendariese golfspeler, Gary Player sê: “Hoe meer ek oefen, hoe gelukkiger word ek”, toe iemand vir hom sê dat hy baie gelukkig is om so goed golf te speel. Miskien kan sukses dan uit hierdie oogpunt wel aan geluk toegedig word?!

6. Suksesvolle mense weet wat hulle achilles heel is.

Dit is nie altyd vir almal ewe maklik om hulle minder goeie eienskappe en vermoëns te erken nie. Dit is egter sentraal tot sukses, want elkeen van ons het beter en minder goeie eienskappe en vermoëns.

As jy byvoorbeeld ’n besigheid besit en jy het nie ’n voorkeur of aanleg om met syfers te werk nie, is dit ’n goeie besluit om ’n syferkundige (boekhouer of rekenmeester) se dienste te koop, want swak kontant-en finansiële bestuur kan jou besigheid kelder.

Moontlik is jy tegnies knap, maar jou mensvaardighede is minder afgerond. In plaas daarvan dat jy die bemarking van jou produk of diens self doen, behoort jy dit te oorweeg om iemand aan te stel wat goed met mense assosieër en ’n positiewe aanklank by hulle vestig.

Op die tuisfront kan jy ook baie punte by jou gade verdien as jy

iemand kontrakteer om ’n onafgehandelde nutsman-tipe taak af te handel omdat jy 10 duime het. ☺

Suksesvolle mense het meestal ’n span mense wat hulle eie vaardighede en vermoëns aanvul. Dit is wanneer 1+1 = 3, dit het sinergie tot gevolg wat ’n vermenigvuldigings effek op die resultate het.

7. Suksesvolle mense is bereid om te wag.

Suksesvolle mense beskik oor die dringendheid in hulle optrede, maar hulle temper hulle ongeduld. Suksesvolle mense weet dat deursettingsvermoë eerder in meer as minder gevalle die deurslaggewende faktor is tussen ’n suksesvolle of mislukte eindresultaat.

En ja, daar gaan terugslae wees, maar in die woorde van die bekende skrywer en spreker, John Maxwell, moet ons “Vorentoe Faal”, d.w.s. leer uit ons mislukkings en teleurstellings sodat ons die volgende keer beter kan doen en presteer.

Die Slotsom

Om suksesvol te wees (volgens jou definisie daarvan) vra harde werk en opofferings.

Om elke dag te werk aan jou drome van sukses is maklik om te doen indien jy die regte gewoontes gevestig het – dit is ook maklik om nie te doen nie. Dit is een van die redes waarom soveel mense „kies“ om ’n lewe van gemiddeldheid te aanvaar. Ons het almal een kans hier op aarde, ons kan net sowel die heel beste daarvan maak!!